http://socialwork.journals.ac.za/

http://dx.doi.org/10.15270/47-2-134



# AANMELDING VAN SEKSUELE MISBRUIK DEUR ADOLESSENTE

**Marthie van der Schyff, Corinne Strydom**

## INLEIDING

As maatskaplike werker in die praktyk, is dit die navorser se ervaring dat kinders wat seksueel misbruik word dit nie aanmeld nie en as gevolg daarvan baie jare lank die slagoffers daarvan bly. Uit die navorser se ervaringsveld wil dit voorkom asof adolessente nie weet hoe hulle te werk moet gaan om die seksuele misbruik aan te meld, of waar hulle die nodige professionele hulp en ondersteuning kan ontvang nie.

Bukau (2003:501) meld dat seksuele misbruik van kinders ’n ernstige en wydverspreide internasionale probleem is. Anon (2002:1) haal statistiek aan waarvolgens daar, na beraming, een, uit elke vier tot vyf dogters, en een, uit elke sewe tot tien seuns in Amerika onder die ouderdom van agtien seksueel misbruik word. Bolen (2001:67) beraam dat daar in 1993 in Amerika 300 200 kinders seksueel misbruik is, met ’n voorkoms van 4.5 kinders per 1000 kinders van die bevolking.

Betroubare statistieke oor die voorkoms van seksuele misbruik onder kinders in Suid-Afrika is moeilik verkrygbaar, maar daar word na beraming 500 000 kinders elke jaar seksueel misbruik (Salzwedel, 2006:22). Dieselfde artikel verwys na skattings van Child Line South Africa, waarvolgens 33% van alle meisies en 16% van alle seuns in Suid-Afrika seksueel misbruik word, voor die ouderdom van 18 jaar. POWA (People Opposed to Women Abuse) beraam dat een uit vier meisies (25%) en een uit vyf seuns (20%) seksueel misbruik word, voor die ouderdom van 16 jaar. Meel (2008:69 & 69a) het uit ’n studie op 2378 slagoffers van seksuele aanranding in die Mthatha-distrik in Suid-Afrika, wat oor ’n tydperk van ses jaar onderneem is, die volgende bevindinge gemaak:

- dat daar ’n jaarlikse toename van 10% in seksuele aanrandings op vroue was;
- dat 70.9% van kinders wat seksueel misbruik is, onder die ouderdom van 20 jaar, 46.3% jonger as 16 jaar en 22.9% jonger as 11 jaar was;
- dat kinders vyf jaar en jonger 9.4% van die slagoffergetal uitgemaak het.

Laasgenoemde outeur sê voorts dat adolessente dogters tussen die ouderdomme van 12 tot 17 jaar in Suid-Afrika spesifiek ŉ hoë risiko loop om slagoffers van seksuele aanranding te word.

Die ware voorkoms van seksuele misbruik onder kinders in Suid-Afrika is onbekend, omdat nie alle gevalle aangemeld word nie (Salzwedel, 2006:22; Smit, 2007a:2). ’n Studie wat Mendoza (1989:4) in Arizona gedoen het, het aangetoon dat na beraming nege uit tien sake van seksuele misbruik onder kinders nie aangemeld word nie. Finkelhor, Wolak en Berliner (2001:17-30) verwys na die “two-stage model of crime reporting”: in die eerste fase besef betrokkenes dat daar ŉ probleem bestaan, maar onderdruk die wete daarvan; in die tweede fase onderdruk betrokkenes die probleem al besef hulle dat daar een is, en meld dit dus nie aan nie. Voorts is bevind dat die tradisionele gesins- en familie-omstandighede meestal nie bevorderlik is vir die aanmelding van seksuele misbruik nie (Jensen, Gulbrandsen, Mossige, Reichelt & Tjersland, 2005:1408-1409).

Aangesien die studie primêr op die adolessent se aanmelding van seksuele misbruik fokus, word daar voorts in fyner besonderhede gekyk na wat onder die term “adolessent” verstaan word. Volgens Anon (2008:7) is die aanvangsouderdom van adolessensie tussen 11 en 13 jaar,

http://dx.doi.org/10.15270/47-2-134


terwyl dit tussen die ouderdomme 17 en 21 jaar tot ’n end loop. Dieselfde outeur sonder enkele eienskappe uit waaraan die adolessent gekenmerk word, naamlik: die adolessent beskik oor die vermoë om abstrak te kan dink; hy/sy kan dus inligting wat die produk van sy denke is verbaal weergee; gedurende die adolessentejare dink die kind nie net oor dit wat werklik is (die hier en die nou) nie, maar ook oor dit wat moontlik kan wees; die adolessent ontwikkel die vermoë om al die faktore in ŉ situasie of al die moontlike oplossings vir ŉ probleem te oorweeg en die adolessent beskik oor die vermoë om gegewens te ondersoek en ŉ aantal hipoteses te formuleer ten opsigte van moontlike oplossings.

Volgens Staller en Nelson-Gardell (2005:1430) moet ŉ riglyn vir aanmelding dringend geformuleer word wat beide die kind as slagoffer en die volwassene wat deur die aanmelding geraak word, se reaksies in ag neem. In Suid-Afrika is die tyd inderdaad ryp om vir die adolessent wat aan seksuele misbruik blootgestel word, ’n platform te skep en riglyne te gee om seksuele misbruik makliker aan te meld.

Die forensiese maatskaplike werker (hierna, FMW) speel ’n belangrike rol in die neerlê van aanmeldingsriglyne. In Suid-Afrika is forensiese maatskaplike werk ŉ nuwe spesialisgebied in die maatskaplikewerk-professie. Daar bestaan nie alleen ŉ ernstige wanopvatting oor die rol van ’n FMW onder huidige maatskaplike werkers in die praktyk nie, maar veral ook onder lede van die algemene publiek en selfs meer onder adolessente.

Die studie fokus spesifiek op die rol wat die FMW kan speel om aanmeldingsriglyne vir adolessente wat aan seksuele misbruik blootgestel word, te ontwikkel. Barker en Branson (1993:8-9) verwys in die verband onder andere na die volgende funksies van die FMW:

- Tree as deskundige getuie in die hof op;
- Doen sistematiese assesserings van individue, sodat dié inligting in die hof as ’n bewys gebruik kan word;
- Ondersoek sake waar ’n beweerde kriminele oortreding begaan is, met die doel om die bevindings aan die hof as verdediging of aan ander gesaghebbende instansies voor te lê;
- Maak aanbevelings aan die hof rakende die vonnis of rehabilitasie van ’n oortreder;
- Tree as tussenganger op om konflik op te los;
- Om getuienis af te lê oor professionele standaarde in forensiese maatskaplike werk in gevalle waar daar moontlik ’n misstap deur ’n ander FMW begaan is.

Die primêre doel van die navorsing was dus om ondersoek in te stel na die redes waarom adolessente nie dadelik seksuele misbruik aanmeld nie. Aandag is ook gegee aan aanmeldingsriglyne wat vir die adolessent ontwikkel kan word en die rol wat die FMW in die aanmeldingsproses kan speel.

## NAVORSINGSONTWERP

Die navorsingsontwerp was hoofsaaklik verkennend. Hierdie ontwerp word volgens Fouché en De Vos (2005:106), Mitchell en Jolley (2001:3) en Rubin en Babbie (2005:1123-1124) gebruik wanneer daar min inligting oor ’n onderwerp bestaan. Die benadering vir die navorsing was kwantitatief van aard. Vraelyste is deur die deelnemers voltooi.

## DEELNEMERS

Adolessente is as deelnemers vir die ondersoek gekies, omdat die navorser van mening is dat adolessente reeds oor die nodige kognitiewe vermoëns en kennis rakende die wese van seksuele

http://socialwork.journals.ac.za/
http://dx.doi.org/10.15270/47-2-134



misbruik behoort te beskik. Die navorser het van die doelgerigte steekproef (Strydom, 2005a:201-203) gebruik gemaak om twee hoërskole in Welkom te identifiseer. Welkom High, wat meestal uit swart leerlinge bestaan en Goudveld Hoërskool, wat meestal uit wit leerlinge bestaan, is geïdentifiseer, omdat hulle die naaste en maklikste beskikbaar was. Graad 10-leerlinge is gekies omdat die navorser hulle as verteenwoordigend van adolessente beskou. Al die graad 10's van beide skole was die universum.

Tweehonderd leerders van Welkom High en 160 leerders van Goudveld Hoërskool moes toestemmingsbriewe aan hulle ouers gee. Honderd-en-elf toestemmingsbriewe is van Welkom High se ouers terugontvang, terwyl 109 van Goudveld Hoërskool se leerders die toestemmingsbriewe teruggebring het. Dus is 220 graad 10 leerlinge uit 'n moontlike 360 leerlinge by die ondersoek betrek.

## DATA INSAMELINGSSTRATEGIEË

Die adolessente het 'n selfopgestelde vraelys voltooi, wat deur die Statistiese Konsultasiediens op die Potchefstroomkampus van die Noordwes-Universiteit nagegaan vir betroubaarheid en geldigheid. Die vraelys is in Afrikaans en Engels opgestel.

Die selfopgestelde toestemmingsbriewe is aan die leerlinge uitgedeel. Nadat die ouers die leerders se toestemmingsbriewe terug gestuur het skool toe is 'n datum en tyd vir die voltooiing van die vraelyste bepaal. Die navorser het die doel van die studie aan die leerlinge verduidelik. Vanuit 'n praktiese oogpunt het die navorser en die onderwyser vooraf ooreen gekom dat alle graad 10 leerders van 'n skool die vraelyste sou voltooi en nie net die leerders wat hulle toestemmingsbriewe terug gebring het nie. Die besluit is geneem aangesien leerders die vraelyste gedurende skooltyd in die Lewensoriëntering periode sou voltooi. Leerders wie se ouers toestemmingsbriewe voltooi het, het 'n vraelys met 'n rooi kol ontvang, terwyl die ander leerders se vraelyste skoon was. Laasgenoemde maatreël is aan die leerders verduidelik. Die navorser het slegs die data gebruik wat uit die gemerkte vraelyste bekom is.

## ETIESE ASPEKTE TER SPRAKE

Dit is belangrik dat die korrekte etiese riglyne in 'n navorsingondersoek gevolg word. Etiese riglyne verseker dat die studie aan 'n sekere standaard voldoen en dat die navorser prinsipieel eties korrek optree (Strydom, 2005b:57).

Die verskillende etiese sake waaraan in die studie aandag gegee is:

- Ingeligte toestemming is van deelnemers verkry (Strydom, 2005b:59).
- Deelnemers se anonimiteit is verseker (Strydom, 2005b:61).
- Indien die deelnemers enige vrae oor die vraelyste of groepbespreking gehad het, was die navorser bereid om dit te beantwoord (Babbie, 2001:475).

Die nodige toestemming is van die Etiekkomitee van die Noordwes-Universiteit, Potchefstroomkampus, verkry. Die projeknommer is NWU-00027-09-S1.

### Dataverwerking

Die kwantitatiewe data uit die vraelyste is deur die Statistiese Konsultasiedienste van die Noordwes-Universiteit (Potchefstroomkampus) geanaliseer met behulp van STATISTICA, StatSoft, Inc. (2007).

http://socialwork.journals.ac.za/
http://dx.doi.org/10.15270/47-2-134



## RESULTATE

Die resultate vanuit die vraelyste word vervolgens bespreek.

### Studiepopulasie

Data wat vanuit die 220 (N=220) vraelyste aan adolessente bekom is, word in die afdeling bespreek. Literatuurkontrole word ook aangedui.

### Geslag van deelnemers

Die meerderheid deelnemers, naamlik 127 (58%) was vroulik, terwyl 93 (42%) deelnemers manlik was. Daar was dus nie ’n groot verskil tussen die aantal manlike en vroulike deelnemers nie.

### Huistaal van deelnemers


Honderd-en-agt (48%) deelnemers se huistaal was Afrikaans, 106 (48%) deelnemers se huistaal was Sotho en ses (3%) deelnemers se huistaal was Engels.

### Etniese groepe van deelnemers

Uit die 220 deelnemers was 110 (50%) deelnemers swart, 91 (41%) wit en 19 (9%) bruin. Een hoërskool se leerders is oorwegend wit en die ander hoërskool se leerders is swart.

### Deelnemers se kennis rakende ’n maatskaplike werker

**DIAGRAM 1**
**DIENSTE VAN ’N MAATSKAPLIKE WERKER**




Uit diagram 1 is 196 (89%) deelnemers van mening hulle weet watter werk ’n maatskaplike werker doen, terwyl 24 (11%) nie geweet het nie. Maatskaplike werk word al vanaf 1917 beoefen. Deesdae geniet dienslewering aan kinders hoë prioriteit en is die fokus op die beskerming van die kind. Laasgenoemde is die rede waarom adolessente weet watter werk ’n maatskaplike werker doen (Verster, 2005:64).

http://socialwork.journals.ac.za/
http://dx.doi.org/10.15270/47-2-134



## Deelnemers se kennis rakende ’n FMW

**DIAGRAM 2**
**DIENSTE VAN ’N FORENSIESE MAATSKAPLIKE WERKER**





Diagram 2 toon dat 48 (22%) deelnemers geweet het watter werk ’n FMW doen, terwyl 172 (78%) deelnemers nie geweet het nie. Smit (2007b:18) het bevind dat “maatskaplike werkers nog onseker is wat die funksie van die forensiese maatskaplike werker behoort te wees.” Indien beamptes in die praktyk onseker is oor die status van die FMW, hoeveel te meer nie adolessente nie?

## Deelnemers se kennisbasis rakende seksuele misbruik

Die navorser is van opinie dat adolessente se kennisbasis rakende seksuele misbruik ’n invloed het op die aanmeldingsproses. Deelnemers se kennisbasis rakende seksuele misbruik is met 14 skedulevrae getoets.

**TABEL 1**
**KENNISBASIS RAKENDE SEKSUELE MISBRUIK**

| VRAE | | Ja | | Onseker | | Nee | | N | % |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **“DINK JY DAT ADOLESSENTE ...”** | | **F** | **%** | **f** | **%** | **F** | **%** | | |
| 1. | weet wat seksuele misbruik is? | 159 | 72 | 43 | 20 | 16 | 8 | 218 | 99 |
| 2. | aan seksuele misbruik blootgestel word? | 181 | 82 | 30 | 14 | 8 | 4 | 219 | 99 |
| 3. | dink seksuele misbruik neem toe? | 181 | 82 | 34 | 16 | 4 | 2 | 219 | 99 |
| 4. | wat seksueel misbruik word, eerder sal stilbly as om daaroor te praat? | 158 | 72 | 36 | 16 | 26 | 12 | 220 | 100 |
| 5. | se ouers weet wat seksuele misbruik is? | 153 | 70 | 56 | 26 | 11 | 5 | 220 | 100 |
| 6. | se ouers genoeg met hulle oor seksuele misbruik praat? | 17 | 8 | 43 | 20 | 160 | 73 | 220 | 100 |

| VRAE | | Ja | | Onseker | | Nee | | N | % |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **"DINK JY DAT ADOLESSENTE ..."** | | **F** | **%** | **f** | **%** | **F** | **%** | | |
| 7. | nie besef hulle word misbruik nie? | 90 | 41 | 79 | 36 | 51 | 23 | 220 | 100 |
| 8. | glo dat dit wat met hulle gebeur 'n "geheim" is? | 146 | 66 | 49 | 22 | 25 | 11 | 220 | 100 |
| 9. | glo dat dit deel van die grootwordproses is? | 53 | 24 | 66 | 30 | 101 | 46 | 220 | 100 |
| 10. | bang is dat niemand hulle sal glo as hulle die misbruik bekend maak nie? | 178 | 80 | 30 | 14 | 12 | 6 | 220 | 100 |
| 11. | bang is om hof toe te gaan? | 175 | 80 | 31 | 14 | 12 | 6 | 219 | 99 |
| 12. | besef watter gevolge misbruik het? | 52 | 24 | 68 | 31 | 100 | 46 | 220 | 100 |
| 13. | bang is die oortreder word nie skuldig bevind nie? | 168 | 76 | 45 | 21 | 7 | 3 | 220 | 100 |
| 14. | nie die nodige hulp kry wat hulle verdien nie? | 139 | 63 | 52 | 24 | 29 | 13 | 220 | 100 |

Uit Tabel 1 blyk die volgende:

Dit wil voorkom asof adolessente oor 'n redelike goeie kennisbasis rakende seksuele misbruik beskik, want:

- 159 (72%) deelnemers het aangedui dat adolessente weet wat seksuele misbruik is;
- 181 (82%) deelnemers was van mening dat adolessente aan seksuele misbruik blootgestel word;
- 181 (82%) deelnemers was van mening dat seksuele misbruik toeneem.

'n Groot persentasie adolessente sal moontlik nie seksuele misbruik bekend maak nie, want:

- 158 (72%) deelnemers dink dat adolessente wat seksueel misbruik word, eerder sal stilbly as om daaroor te praat.

Wat adolessente se ouers aanbetref het:

- 153 (70%) deelnemers aangedui dat ouers weet wat seksuele misbruik is;
- 160 (73%) deelnemers aangedui dat ouers nie genoeg met kinders oor seksuele misbruik praat nie.

Adolessente se response op vrae 7-14, wat verband hou met die moontlike redes waarom adolessente seksuele misbruik nie bekend sal maak nie, het op die volgende gedui:

- 90 (41%) deelnemers het gedink dat adolessente nie besef hulle word misbruik nie, terwyl 79 (36%) deelnemers onseker was of adolessente besef hulle word misbruik en 51 (23%) deelnemers gedink het dat adolessente wel besef hulle word misbruik.
- 146 (66%) deelnemers was van mening dat adolessente glo dat dit wat met hulle gebeur 'n "geheim" is.
- 101 (46%) deelnemers het gedink dat adolessente wat seksueel misbruik word, nie glo dat dit deel van die grootwordproses is nie, terwyl 66 (30%) deelnemers hieroor onseker was en 53 (24%) deelnemers gedink het dat adolessente wat seksueel misbruik word, wel glo dat dit deel van die grootwordproses is.

http://socialwork.journals.ac.za/
http://dx.doi.org/10.15270/47-2-134


- 178 (81%) deelnemers het aangedui dat adolessente bang is niemand sal hulle glo as hulle die misbruik bekend maak nie.
- 175 (80%) deelnemers het aangedui dat adolessente wat seksueel misbruik word, bang is om hof toe te gaan.
- 100 (45%) deelnemers het gedink dat adolessente wat misbruik word, nie besef watter gevolge die gedrag het nie, terwyl 68 (31%) hieroor onseker was en 52 (24%) deelnemers gedink het dat misbruikte adolessente wel besef watter gevolge die gedrag het.
- 168 (76%) deelnemers het gesê dat adolessente bang is die oortreder word nie skuldig bevind nie.
- 139 (63%) deelnemers was van opinie dat adolessente wat seksueel misbruik word, nie die nodige hulp kry wat hulle verdien nie.

Finkelhor *et al.* (2001:17-30) se model ondersteun die deelnemers se antwoorde. Hulle meld dat dit uit die eerste stadium van die "two-stage model of crime reporting", naamlik die "Problem Recognition Stage", blyk dat talle kinders nie die seksuele misbruik aanmeld nie, bloot omdat hulle nie besef dat hulle misbruik word nie. Die kind aanvaar dat dit "hulle geheim" is dat dit deel uitmaak van die opvoedingsproses of dat dit normale gedrag van 'n ouer is. Die tweede fase van hierdie model is die "Consideration Stage". Die volgende faktore word tydens die fase oorweeg: bestaan die moontlikheid dat die oortreder skuldig bevind sal word? Sal die slagoffer die nodige professionele hulp en beskerming ontvang? Gaan die kind as slagoffer verder deur die oortreder of kriminele hof aan viktimisering blootgestel word? Is dit nie maar beter om stil te bly en verdere trauma te vermy nie? Die slagoffers besluit dikwels dat dit beter is om stil te bly, omdat hulle vrees dat die oortreder nie skuldig bevind sal word nie.

## Aanmeldingsriglyne

In hierdie afdeling is daar gepoog om 'n idee te kry van hoe adolessente daaroor voel om seksuele misbruik aan te meld. Deelnemers se belewing rakende die huidige aanmeldingsproses is met die volgende 9 skedule vrae getoets.

**TABEL 2**
**AANMELDINGSRIGLYNE**

| VRAE | | Ja | | Onseker | | Nee | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| "DINK JY ADOLESSENTE WAT SEKSUEEL MISBRUIK WORD..." | | f | % | f | % | f | % | N | % |
| 1. | weet waar om seksuele misbruik aan te meld? | 85 | 39 | 44 | 20 | 91 | 41 | 220 | 100 |
| 2. | verkies om dit nie aan te meld nie? | 136 | 62 | 53 | 24 | 31 | 14 | 220 | 100 |
| 3. | moet bewus gemaak word waar hulle hulp kan kry? | 201 | 91 | 15 | 7 | 4 | 2 | 220 | 100 |
| 4. | meld dit nie aan nie, want dit wat met hulle gebeur is lekker? | 23 | 11 | 58 | 26 | 139 | 63 | 220 | 100 |
| 5. | bang is vir hulle ouers se reaksie as hulle die seksuele misbruik sou aanmeld? | 182 | 83 | 27 | 12 | 11 | 5 | 220 | 100 |
| 6. | dit moeilik vind om dit aan ander gesinslede bekend te maak? | 194 | 88 | 21 | 10 | 5 | 2 | 220 | 100 |

http://socialwork.journals.ac.za/
http://dx.doi.org/10.15270/47-2-134


| VRAE | | Ja | | Onseker | | Nee | | N | % |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **"DINK JY ADOLESSENTE WAT SEKSUEEL MISBRUIK WORD..."** | | **f** | **%** | **f** | **%** | **f** | **%** | | |
| 7. | kan 'n slagoffer word, omdat hulle nie weet waar om hulp te kry nie? | 161 | 73 | 41 | 19 | 18 | 8 | 220 | 100 |
| 8. | moet oor 'n aanmeldingsriglyn beskik om die misbruik te kan aanmeld en hulp te kry? | 166 | 76 | 48 | 22 | 6 | 3 | 220 | 100 |
| 9. | moet meer van massamedia gebruik maak om aan te meld en hulp te kry? | 173 | 79 | 27 | 12 | 20 | 9 | 220 | 100 |

Uit tabel 2 blyk die volgende:

- 91 (41%) deelnemers het gedink adolessente wat seksueel misbruik word, weet nie waar om seksuele misbruik aan te meld nie, terwyl 85 (39%) deelnemers gedink het dat die adolessente wel weet. Vier-en-veertig (20%) deelnemers was onseker of adolessente wat seksueel misbruik word, weet waar om dit aan te meld.
- 136 (62%) deelnemers was van mening dat adolessente wat seksueel misbruik word, verkies om dit nie aan te meld nie.
- 201 (91%) deelnemers het aangedui dat adolessente wat seksueel misbruik word, meer bewus gemaak moet word van waar hulle hulp kan kry.
- 139 (63%) deelnemers het "nee" geantwoord op die vraag of hulle dink dat adolessente nie seksuele misbruik aanmeld nie, omdat dit wat met hulle gebeur vir hulle "lekker" is.
- 182 (83%) deelnemers het gesê dat adolessente wat seksueel misbruik word, bang is vir hulle ouers se reaksie indien hulle dit wel sou aanmeld.
- 194 (88%) deelnemers het aangedui dat adolessente dit moeilik vind om die misbruik aan ander gesinslede bekend te maak.
- 161 (73%) deelnemers was van opinie dat adolessente wat seksueel misbruik word, 'n slagoffer van hulle omstandighede word, omdat hulle nie weet waar om hulp te kry nie.
- 166 (75%) deelnemers het gevoel dat adolessente oor 'n aanmeldingsriglyn moet beskik waar hulle die misbruik kan aanmeld en hulp kan kry.
- 173 (79%) deelnemers het gesê dat adolessente wat seksueel misbruik word meer van massamedia gebruik kan maak om aan te meld en hulp te kry.

Collings (2006:36-37) verwys na bevindinge wat daarop dui dat seksuele misbruik een van die verskynsels is wat die swakste gerapporteer word. Verder sê hy dat 42% van slagoffers wat seksueel misbruik is, dit nooit aanmeld nie. Kinders wat seksuele misbruik aan gesinslede bekend maak, word baie keer nie geglo nie (Verster, 2005:52).

## Medium vir aanmelding

Seksuele misbruik van adolessente is 'n baie sensitiewe onderwerp. Daarom is dit belangrik om vas te stel by wie adolessente seksuele misbruik sou wou aanmeld. Deelnemers kon uit 'n lys van persone aandui by wie hulle die graagste seksuele misbruik sou wou aanmeld.

Deelnemers moes hulle keuses uitoefen deur die mediums met 'n rangnommer van 1-13 te nommer aan te dui. Dit was nie nodig dat deelnemers al die mediums merk nie, net die wat vir hulle van belang was. Deelnemers moes hulle eerste keuse as nommer 1 merk en die daaropvolgende nommers in volgorde van belangrikheid. In tabel 6 word die gemiddelde

http://socialwork.journals.ac.za/
http://dx.doi.org/10.15270/47-2-134



rangnommer wat deelnemers aan elke medium toegeken het in volgorde van belangrikheid aangetoon.

**TABEL 3**
**MEDIUM VIR AANMELDING**

| MEDIUM | | f | Rangnommer |
|---|---|---|---|
| 1. | My ouer(s) | 217 | 1.63 |
| 2. | ’n Familielid | 169 | 3.45 |
| 3. | ’n Onderwyser | 151 | 4.27 |
| 4. | Jou Predikant | 113 | 5.29 |
| 5. | ’n Polisiebeampte | 160 | 4.48 |
| 6. | ’n Kliniek suster | 125 | 5.47 |
| 7. | ’n Jeugwerker | 117 | 5.64 |
| 8. | ’n Brief skryf en in ’n boks by die skool gooi | 84 | 7.47 |
| 9. | ’n Brief aan ’n bekende persoon skryf, wat kan help om die regte hulp te kry | 96 | 6.97 |
| 10. | ’n Anonieme telefoonoproep | 91 | 7.39 |
| 11. | ’n Maatskaplike Werker | 149 | 5.43 |
| 12. | ’n Forensiese maatskaplike werker | 92 | 7.63 |
| 13. | Ander (spesifiseer) | 56 | 5.55 |

Uit die tabel blyk dit uit die laagste gemiddelde rangnommer van 1.63 en die feit dat 217 deelnemers “ouers” aangedui het, dat hul ouers vir adolessente die belangrikste medium van aanmelding is.

Die tweede belangrikste medium van aanmelding is ’n familielid. Hierdie keuse het ’n gemiddelde rangnommer van 3.45 ontvang en 169 deelnemers het aangedui dat hulle ’n familielid verkies. Die oorblywende mediums het soos volg daarna uitgesien: ’n onderwyser (rangnommer 4.27, 151 deelnemers); polisiebeampte (rangnommer 4.48, 160 deelnemers); predikant (rangnommer 5.29, 113 deelnemers); ’n klinieksuster (rangnommer 5.47, 125 deelnemers); jeugwerker (rangnommer 5.64, 117 deelnemers) en maatskaplike werker (rangnommer 5.43, 149 deelnemers). Die vier mediums waarvolgens deelnemers seksuele misbruik die minste sou wou aanmeld is:

- ’n brief aan ’n bekende persoon wat hulp vir die slagoffer kan kry (rangnommer 6.97, 96 deelnemers);
- ’n FMW (rangnommer 7.63, 92 deelnemers);
- ’n anonieme telefoonoproep (rangnommer 7.39, 91 deelnemers), en
- ’n brief in ’n boks by die skool (rangnommer 7.47, 84 deelnemers).

Deelnemers het met die vraag ook die geleentheid gehad om na ’n ander, nie-gelysde medium te verwys by wie hulle seksuele misbruik sou aanmeld. Met ’n gemiddelde rangnommer van 5.55, het 54 deelnemers soos volg aangedui:

- 46 deelnemers sou dit by ’n vriend/vriendin aanmeld.
- twee deelnemers sou dit by ’n tannie aanmeld.

http://socialwork.journals.ac.za/
http://dx.doi.org/10.15270/47-2-134



- Deelnemers sou dit een elk by ’n klinieksuster, dokter, die bure, MXIT, broer of sielkundige aanmeld.

Forrester (2002:200) ondersteun bogenoemde 46 deelnemers se keuse om seksuele misbruik by ’n vriend/vriendin aan te meld. Adolessente maak eers baie seker alvorens hulle seksuele misbruik aan ’n vriend bekend maak, want dit is belangrik dat hulle die vriend kan vertrou.

## Seksuele misbruik van die adolessent

Die doel van die oop vraag: “Vertel my wat jy onder seksuele misbruik van adolessente verstaan?”, was om ’n aanduiding te kry van die mate waartoe adolessente die breër definisie van seksuele misbruik besef.

Deelnemers se antwoorde is deur die navorser gekodeer. Die volgende skaal is gebruik:

Kode 0 – deelnemers het geen idee van wat seksuele misbruik behels nie.
Kode 1 – deelnemers het ’n vae idee van wat seksuele misbruik behels.
Kode 2 – deelnemers beskik oor ’n redelike idee van wat seksuele misbruik behels.
Kode 3 – deelnemers beskik oor ’n duidelike idee van wat seksuele misbruik behels.
Kode 4 – deelnemers beskik oor ’n goeie idee van wat seksuele misbruik behels.
Kode 5 – deelnemers beskik oor ’n baie goeie idee van wat seksuele misbruik behels.

Al die deelnemers het die vraag beantwoord. In tabel 5 word 220 response weergegee:

**TABEL 5**
**KODERING VAN SEKSUELE MISBRUIK**

| Kode | F | % |
|---|---|---|
| Kode 0 | 6 | 2.72 |
| Kode 1 | 16 | 7.27 |
| Kode 2 | 45 | 20.45 |
| Kode 3 | 79 | 35.90 |
| Kode 4 | 55 | 25.00 |
| Kode 5 | 19 | 8.63 |

Uit bogenoemde tabel is dit duidelik dat die grootste aantal deelnemers, naamlik 79 (36%) ’n duidelike idee het van wat seksuele misbruik behels. Dit word opgevolg met 55 (25%) deelnemers wat oor ’n goeie idee beskik van wat seksuele misbruik behels en 45 (20%) deelnemers wat oor ’n redelike idee beskik. Amper ewe veel, 16 (7%) en 19 (9%) deelnemers het onderskeidelik ’n vae idee van wat seksuele misbruik behels en ’n baie goeie idee van wat seksuele misbruik behels. Slegs ’n klein aantal deelnemers, 6 (3%) het geen idee van wat seksuele misbruik behels nie.

## Belewenisse van adolessente

Die doel van die oop vraag: “Weet jy van iemand wat seksuele misbruik aangemeld het?”

- Al 220 deelnemers het die vraag beantwoord;
- 171 (78%) deelnemers het aangedui dat hulle niemand ken nie;
- 49 (22%) deelnemers het aangedui dat hulle wel iemand ken.

http://dx.doi.org/10.15270/47-2-134


Bogenoemde response toon dat een uit elke vyf adolessente iemand ken wat seksueel misbruik is. Hierdie lae persentasie word deur Alaggia (2004:1214) se bevindings in beide kliniese en nie-kliniese studies ondersteun, waar ongeveer 30% tot 80% van kinders wat seksueel misbruik is, dit doelbewus eers aanmeld wanneer hulle volwassenheid bereik het.

## Aanmelding van seksuele misbruik deur die adolessent

In die oop vraag: "Vertel vir my hoe jy dink seksuele misbruik aangemeld moet word, sodat die persoon die nodige hulp kan ontvang?", was die doel om 'n aanduiding te kry van hoe adolessente verkies om seksuele misbruik aan te meld en hulp te kry.

**TABEL 6**
**AANMELDING VAN SEKSUELE MISBRUIK**

Deelnemers het in die onderstaande tabel aangedui by wie of waar hulle sou verkies om seksuele misbruik aan te meld.

| Persoon/Plek | F | % | Geen Respons | N |
|---|---|---|---|---|
| Polisie | 95 | 43.2 | 125 | 220 |
| Ouers | 74 | 33.6 | 146 | 220 |
| Maatskaplike werker | 55 | 25.00 | 165 | 220 |
| Persoon wat adolessent vertrou | 29 | 14.0 | 191 | 220 |
| Spesiale plek – nie by polisie nie | 28 | 12.7 | 192 | 220 |
| Onderwyser by polisie aanmeld | 18 | 8.2 | 202 | 220 |
| Maatskaplike werker by skool | 10 | 4.5 | 210 | 220 |
| Anonieme telefoonoproep | 8 | 3.6 | 212 | 220 |
| Klinieksuster | 6 | 2.7 | 214 | 220 |
| Dominee | 5 | 2.3 | 215 | 220 |
| Internet | 4 | 1.8 | 216 | 220 |
| Jeuggroepe | 3 | 1.4 | 217 | 220 |
| Brief in posbus by skool | 1 | 0.5 | 219 | 220 |
| MXIT | 1 | 0.5 | 219 | 220 |

Aangesien deelnemers beskrywend geantwoord het, was daar meer as 220 response. Tabel 6 toon dat die grootste aantal deelnemers, 95 (43%) verkies om seksuele misbruik by die polisie aan te meld. Tweedens verkies 74 (34%) deelnemers om dit by hulle ouers aan te meld. Derdens verkies 55 (25%) deelnemers om dit by 'n maatskaplike werker aan te meld. Deelnemers se response toon daarna 'n reëlmatige afname en word vervolgens aangedui:

- 29 (14%) deelnemers sou verkies om dit by iemand aan te meld wat hulle vertrou;
- 28 (13%) deelnemers sou dit eerder by 'n spesiale plek aan te meld en nie die polisie nie;
- 18 (8%) deelnemers het aangedui dat hulle dit eers by 'n onderwyser sou aanmeld wat hulle dan sou help om dit aan die polisie te rapporteer;
- 10 (5%) deelnemers sou verkies om dit by 'n maatskaplike werker by die skool aan te meld;
- agt (4%) deelnemers sou dit eerder deur middel van 'n anonieme telefoonoproep aanmeld;

http://socialwork.journals.ac.za/
http://dx.doi.org/10.15270/47-2-134



- ses (3%) deelnemers sou dit by 'n klinieksuster aanmeld;
- vyf (2%) deelnemers sou verkies om dit by hulle predikant aan te meld;
- vier (2%) deelnemers het aangedui dat hulle dit op internet sou aanmeld;
- drie (1%) deelnemers verkies om dit by 'n jeuggroep aan te meld;
- een (1%) deelnemer sou 'n brief in 'n posbus by die skool gooi, of dit deur MXIT aanmeld.

Adolessente is bang om seksuele misbruik aan te meld, want hulle vrees die reaksie van hulle ouers of ander professionele persone. In sommige gevalle word die uitgebreide familie in kennis gestel en in uitsonderlike gevalle word kontak met die oortreder gemaak (Forrester, 2002:205).

## Ouers en skole moet beter ingelig word

In die oop vraag: "Dink jy dat ouers en skole beter ingelig moet word oor seksuele misbruik van adolessente?", was die doel om te bepaal of adolessente voel dat ouers en skole genoegsaam ingelig is rakende seksuele misbruik.

- 202 (92%) deelnemers het "ja" geantwoord;
- 16 (7%) deelnemers het "nee" geantwoord;
- 2 (1%) deelnemers het geen respons gehad nie.

Uit deelnemers wat "ja" geantwoord het, het die meeste gevoel "ouers en skole moet beter ingelig word", terwyl die ander van mening was dat, "spesifiek kinders moet beter ingelig word, sodat hulle oor die nodige kennis beskik om hulp te gaan vra". Van die deelnemers wat "nee" geantwoord het, was van die opinie dat, "ouers en skole reeds genoeg ingelig is".

## Professionele hulp aan die adolessent

Die doel van die oop vraag: "Dink jy dat indien die publiek beter ingelig word rakende die hantering van seksuele misbruik, dat adolessente wat seksueel misbruik word gouer en makliker die regte professionele hulp sou ontvang?".

- 193 (88%) deelnemers het "ja" geantwoord;
- 25 (11%) deelnemers stem nie saam nie;
- 2 (1%) deelnemers het geen respons gehad nie.

Uit die deelnemers wat die vraag beantwoord het, het die meeste gesê dat die publiek beter ingelig moet word rakende die hantering van seksuele sake, aangesien die seksueel misbruikte adolessent dan gouer en makliker die regte professionele hulp sou ontvang. Die ander groep het gevoel dat indien die publiek beter ingelig word "dit aan die slagofferkind die geleentheid gee om gouer en makliker die professionele hulp te kry wat hulle verdien". Die deelnemers wat nie saamgestem het nie, was van mening dat dit nie sou help om die publiek beter in te lig nie, want "daar word nie in gemeenskappe oor seksuele misbruik gepraat nie, die publiek steeds nie weet hoe om op te tree nie, stigmatisasie van seksuele misbruik word deur die publiek geminimaliseer en seksuele misbruik word self deur adolessente aangemoedig".

## Adolessente se gevoelens oor seksuele misbruik

In die oop vraag: "Het jy enige verdere opmerkings oor seksuele misbruik van adolessente?", was die doel om te hoor wat adolessente oor seksuele misbruik wil sê.

- 107 (49%) deelnemers het "ja" op die vraag geantwoord;
- 65 (30%) deelnemers het "nee" geantwoord;

http://socialwork.journals.ac.za/
http://dx.doi.org/10.15270/47-2-134



- 48 (22%) deelnemers het geen respons gehad nie.

Deelnemers wat "ja" geantwoord het, het die volgende uitlatings oor die seksuele misbruik van adolessente gemaak:

- Dat dit "verkeerd en afgryslik" is;
- "adolessente wat seksueel misbruik word moet stop en hulp kry";
- "adolessente se vertrouensverhouding met hulle ouers moet verbeter, sodat hulle hulp kan vra";
- "seksuele misbruik van adolessente moet stop, want dit veroorsaak emosionele en psigiese skade";
- "die seksuele oortreder moet gestraf word";
- "die doodstraf moet terug gebring word vir die seksuele oortreder";
- "seksuele misbruik neem stelselmatig toe en niks word gedoen om dit te keer nie";
- "seksuele misbruik veroorsaak vrees wat alkohol- en dwelmmiddel misbruik bevorder".

Die algemene gevoel van deelnemers wat "nee" geantwoord het, is dat, "adolessente self by seksuele misbruik betrokke raak".

## Massamedia en dienslewering

Hoefnagels en Mudde (2000:1100) het in hulle artikel bevind dat dit makliker sal wees om die oortreder te systap, indien daar van openbare bewusmaking ter voorkoming gebruik gemaak word. Die hoër openbare bewusmaking waarna hier verwys word, is kennisgewingborde, plakkate en moontlike advertensies.

**TABEL 4**
**MASSAMEDIA EN DIENSLEWERING**

| MASSAMEDIA | F | % |
|---|---|---|
| Tydskrifte | 146 | 66.36 |
| Koerante | 111 | 50.45 |
| Radio | 96 | 43.63 |
| Televisie | 164 | 74.54 |
| Inligtingspamflet by skole | 95 | 43.18 |
| Plakkaat by skole | 96 | 43.63 |
| Webtuiste op internet | 104 | 47.27 |
| Kletskamer op internet | 47 | 21.36 |
| MXIT | 117 | 53.18 |
| Praatjie deur ingeligte persoon | 115 | 52.27 |
| Ander (spesifiseer) | 15 | 6.81 |

Deelnemers kon hier aandui deur watter medium van massamedia hulle sou verkies om meer inligting te ontvang rakende seksuele misbruik en die dienste van maatskaplike werkers of forensiese maatskaplike werkers. Deelnemers kon hulle keuses uitoefen deur die vorm van massamedia met 'n X te merk. Deelnemers kon soveel plekke merk as wat hulle wou.

Tabel 4 toon aan hoeveel deelnemers elke massamedia gemerk het. Aangesien deelnemers meer as een media kon aandui, was daar meer as 220 response.

http://socialwork.journals.ac.za/
http://dx.doi.org/10.15270/47-2-134


- Uit tabel 4 hierbo is dit duidelik dat die grootste aantal deelnemers, naamlik 164 (75%) sou verkies om deur middel van die televisie meer oor dienslewering te leer;
- In die tweede plek het 146 (66%) deelnemers aangetoon dat hulle in tydskrifte meer van dienslewering sou wou leer;
- Die volgende sewe mediums lê min of meer gelyk: 117 (53%) deelnemers het MXIT aangedui; 115 (52%) deelnemers het ’n praatjie deur ingeligte persoon aangedui; 111 (50%) deelnemers het koerante verkies; 104 (47%) deelnemers het ’n webtuiste op internet aangedui; 96 (44%) deelnemers het die radio en plakkate by skool aangedui en 95 (43%) deelnemers het inligtingspamflette by skole aangetoon.
- Die laagste aantal 47 (21%) deelnemers het aangedui dat hulle deur middel van ’n kletskamer op die internet meer van die dienslewering sou wou uitvind.
- Slegs 15 (7%) deelnemers het na ander massamedia, in die volgende frekwensiedistribusie verwys: klasverband – vier deelnemers; Facebook – drie deelnemers; onderwyser of maatskaplike werker by die skool, sms’e en X-Mig 33 – twee deelnemers elk.

### Bewusmakingsveldtog

Die doel van die oop vraag: “Sou jy belangstel om aan ’n bewusmakingsveldtog rakende seksuele misbruik van adolessente deel te neem?”, was om te bepaal of adolessente sou belangstel om aan ’n bewusmakingsveldtog deel te neem:

- 172 (78%) deelnemers het aangedui dat hulle wou deelneem;
- 44 (20%) deelnemers het aangedui dat hulle nie wou deelneem nie;
- 4 (2%) deelnemers het geen respons gehad nie.

Die response van deelnemers wat aan ’n bewusmakingsveldtog wou deelneem, het as volg gelui:

- “hulle sal ander adolessente wil help wat seksueel misbruik word”;
- “hulle sal eers die nodige kennis wil bekom, alvorens hulle ander adolessente sal help wat seksueel misbruik word”;
- “hulle sal aan ’n veldtog wil deelneem, want hulle wil voorkomend optree”;
- “adolessente in Suid-Afrika moet gerespekteer word”.

Deelnemers wat nie deel van ’n bewusmakingsveldtog wou wees nie, het die volgende te sê gehad:

- “hulle beskik nie oor genoegsame kennis nie, en sal dit nie emosioneel kan hanteer om aan ’n veldtog deel te neem nie”;
- hulle is “te besig” om aan ’n veldtog deel te neem.

Die meerderheid deelnemers was bereid om die seksueel misbruikte slagoffer te help. Slagoffers van seksuele misbruik se oorweldigende reaksie aan adolessente is om die gedrag aan te meld. Hulle sê dat dit goed is om dit te rapporteer, want dit help jou besef jy is nie alleen nie. Adolessente dogters het ook bevestig dat hulle bekendmaking van die misbruik die spanning verlig het (Forrester, 2000:203-204).

## GEVOLGTREKKINGS

Die studie het die navorser se ervarings bevestig dat adolessente wat seksueel misbruik word, dit nie sal aanmeld nie en as gevolg daarvan baie jare lank die slagoffers daarvan bly.

http://socialwork.journals.ac.za/
http://dx.doi.org/10.15270/47-2-134


Die studie het die volgende redes waarom adolessente nie seksuele misbruik aanmeld nie, oortuigend aangetoon:

- Hulle is bang vir hulle ouers se reaksie as hulle die seksuele misbruik sou aanmeld;
- Hulle vind dit moeilik om die seksuele misbruik aan gesinslede bekend te maak;
- Hulle is bang niemand sal hulle glo as hulle die misbruik bekend maak nie;
- Hulle is bang om hof toe te gaan;
- Hulle is bang die oortreder word nie skuldig bevind nie;
- Hulle weet nie waar om hulp te kry nie;
- Hulle glo dat dit wat met hulle gebeur ’n “geheim” is;
- Hulle kry nie die nodige hulp wat hulle verdien nie.

Die studie het die noodsaak en behoefte aan ’n aanmeldingsriglyn bevestig. Uit die studie het dit geblyk dat adolessente seksuele misbruik die graagste by hulle ouers sou wou aanmeld. Tog gebeur dit nie, weens ’n gebrek aan ’n vertrouensverhouding met ouers of weens die onbekwaamheid of onkunde van ouers. ’n Aanmeldingsriglyn sal hierdie probleme moet aanspreek. Die studie toon aan dat daar groot onkunde oor die rol van die FMW bestaan. Hierdie onkunde is nie net by adolessente nie, maar ook by maatskaplike werkers in die praktyk en ander rolspelers in die aanmeldingsproses. Dit het noodsaaklik geword dat ’n deeglike bewusmakingsveldtog ten opsigte van die rol van die FMW geloods word.

## AANMELDINGSRIGLYNE VIR ADOLESSENTE WAT AAN SEKSUELE MISBRUIK BLOOTGESTEL WORD

Daar bestaan nie op die oomblik in Suid-Afrika aanmeldingsriglyne vir adolessente wat seksueel misbruik word nie. Met hierdie studie is ’n poging aangewend om sulke riglyne te formuleer. Die empiriese ondersoek het egter baie leemtes uitgewys wat eers aangespreek sal moet word, voordat bruikbare aanmeldingsriglyne vir adolessente ontwerp sal kan word.

Die aanmeldingsriglyne wat die navorser aanbeveel, is gebaseer op die gemeenskaps-ontwikkelingsproses. Hierdie proses fokus daarop om tot aksie oor te gaan. Weyers (2008:69-112) identifiseer die vyf fases wat in die onderstaande tabel bespreek word.

http://socialwork.journals.ac.za/
http://dx.doi.org/10.15270/47-2-134



**TABEL 7**
**AANMELDINGSRIGLYNE**

| **Fase een: Situasie-analise** |
|---|
| ▪ Uit navorsing toon ’n groot aantal adolessente aan dat:<br>✓ hulle weet wat seksuele misbruik behels<br>✓ hulle aan seksuele misbruik blootgestel word<br>✓ seksuele misbruik toeneem<br>✓ hulle eerder sal stilbly oor seksuele misbruik as om daaroor te praat<br>✓ ouers weet wat seksuele misbruik is<br>✓ ouers nie genoeg met kinders oor seksuele misbruik praat nie<br>✓ hulle nie seksuele misbruik bekend maak nie, want hulle is bang niemand sal hulle glo nie<br>✓ die misbruikte adolessent bang is om hof toe te gaan<br>✓ die misbruikte adolessent bang is die oortreder word nie skuldig bevind nie.<br>✓ hulle meer bewus gemaak moet word van waar hulle hulp kan kry<br>✓ as hulle seksueel misbruik word, bang is vir hulle ouers se reaksie indien hulle dit wel sou aanmeld<br>✓ die misbruikte adolessent dit moeilik aan ander gesinslede bekend maak<br>✓ die misbruikte adolessent ’n slagoffer van hulle omstandighede word, want hulle weet nie waar om hulp te kry nie<br>✓ ’n aanmeldingsriglyn moet bestaan as hulle wil aanmeld en hulp kan kry<br>✓ hulle meer van massamedia gebruik wil maak om aan te meld en hulp te kry<br>▪ Uit navorsing toon ’n kleiner aantal adolessente aan dat:<br>✓ hulle nie besef hulle word misbruik nie<br>✓ hulle glo dat dit wat met hulle gebeur ’n “geheim” is<br>✓ hulle glo seksuele misbruik deel van die grootwordproses is<br>✓ hulle nie besef watter gevolge die misbruik het nie<br>✓ die slagoffer-adolessent nie die nodige hulp kry wat hulle verdien nie<br>✓ adolessente onseker is van waar om seksuele misbruik aan te meld of verkies om dit nie aan te meld nie<br>✓ dit nie aanmeld nie, want dit wat met hulle gebeur “lekker” is |
| **Fase twee: Identifiseer en ontleed struikelblokke** |
| ▪ Slegs adolessente wat ’n kriminele saak teenoor die beweerde oortreder maak kan van die dienste van die FMW in die polisie gebruik maak.<br>▪ Daar is ook forensiese maatskaplike werkers wat privaat praktiseer. Wanneer adolessente van hulle dienste gebruik maak, word groot bedrae geld gevra wat die slagoffer en gesin nie altyd kan bekostig nie.<br>▪ Polisiebeamptes beskik nie oor die nodige opleiding om met die misbruikte adolessent te werk nie, en daar is nie eenvormige protokol rakende die hantering van seksuele misbruik nie.<br>▪ Die maatskaplike werkers in die praktyk, adolessente, hulle ouers, onderwysers en maats weet nie watter werk ’n FMW doen en dat hulle spesialiseer in die hantering van seksueel misbruik sake nie.<br>▪ Adolessente wil graag seksuele misbruik by hulle ouers aanmeld. Die probleem is dat ouers nie oor genoegsame kennis van seksuele misbruik beskik om hulle kinders van hulp te wees nie.<br>▪ Die misbruikte adolessent sal soms die misbruik aan ’n onderwyser bekend maak, maar dié weet ook nie altyd waar om dit aan te meld en hulp te kry nie.<br>▪ Daar bestaan geen duidelike aanmeldingsproses- of prosedure nie.<br>▪ Adolessente is baie onseker oor die hofproses.<br>▪ Die verskillende rolspelers in die aanmeldingsproses werk nie as ’n span saam nie, maar as los entiteite. |

http://socialwork.journals.ac.za/
http://dx.doi.org/10.15270/47-2-134


| **Fase drie: Formuleer 'n plan van aksie en mobiliseer aksiesisteme** |
|---|
| ▪ 'n Duidelike aanmeldingsriglyn vir seksuele misbruik in Suid- Afrika moet geformuleer word.<br>▪ Genoeg forensiese maatskaplike werkers moet opgelei en ontplooi word in gemeenskappe.<br>▪ Gemeenskappe moet ingelig word rakende die dienslewering van 'n FMW.<br>▪ Forensiese maatskaplike werkers moet voldoende opgelei wees om oor die forensiese vaardigheid te beskik en die taal van die kind te praat.<br>▪ Die beeld van die FMW moet vertroue by die adolessent inboesem, sodat hulle die vrymoedigheid het om hulp te vra.<br>▪ Die FMW se primêre doel moet wees om die slagofferkind te beskerm teen verdere misbruik en te verhoed dat die kind 'n slagoffer van die aanmeldingsisteem word.<br>▪ Die moontlikheid moet ondersoek word of 'n FMW as spesialiswerker by die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling aangestel kan word, of by die hof.<br>▪ Alle rolspelers moet deel van 'n multi-dissiplinêre span word en oor duidelike protokol beskik.<br>▪ Gereelde inligtingsessies moet in gemeenskappe, skole en aan ouers aangebied word. Brosjures kan met die sessies versprei word en plakkate kan opgesit word.<br>▪ Adolessente kan deur middel van kleingroepbesprekings (in klasverband) ingelig word oor die proses van gereedmaking, sodat hulle gouer die misbruik kan aanmeld.<br>▪ Onderwysers moet meer bewus gemaak word en leiding kry van waar 'n misbruik adolessent dit kan aanmeld en hulp kry. Hierdie stap kan begin by skole se ondersteuningspanne. |
| **Fase vier: Implementeer aksieplan** |
| ▪ Maak gemeenskappe en leiers deel van die besluitnemingsprosesse en betrek hulle by die aksieplan.<br>▪ Die FMW moet die inisieerder van die aksieplan wees en toesien dat resultate bereik word.<br>▪ Maak gebruik van verskillende spesialisvelde om forensiese dienslewering te bevorder.<br>▪ Die FMW moet meer sigbaar en bereikbaar vir die adolessent gemaak word.<br>▪ Dienslewering van die FMW kan beter bekendgestel word deur moderne massamedia, byvoorbeeld mxit, internet, facebook ens.<br>▪ Betrek alle rolspelers by bewusmakingsveldtogte. |
| **Fase vyf: Evalueer en instandhouding van dienslewering** |
| ▪ Bepaal deurgaans of die forensiese dienslewering effektief is en die beste belang van die adolessent op die hart dra.<br>▪ FMW moet 'n kwaliteit statutêre diens wees aan die misbruikte adolessent.<br>▪ Adolessente moet deurgaans op hoogte wees van waar, hoe en by wie seksuele misbruik aangemeld kan word.<br>▪ Die mikpunt moet wees om die aanmeldings- en hofproses in so 'n kort moontlike tyd af te handel sodat die kind terapeuties aangespreek kan word. |

## SAMEVATTING

Die hoofdoel van die studie was om ondersoek in te stel na die redes waarom adolessente nie dadelik seksuele misbruik aanmeld nie. Aandag is ook gegee aan die ontwikkeling van aanmeldingsriglyne waarvolgens seksuele misbruik aangemeld kan word, en gevolglik toegang tot die dienste van forensiese maatskaplike werkers verkry kan word.

Die aanmeldingsriglyn wat in hierdie studie geformuleer is, is 'n poging om die ernstige leemtes in die aanmeldingsproses aan te spreek. Dit moet egter as 'n eerste stap gesien word en het nog baie skaafwerk en verdere navorsing nodig.

’n Probleem is dat forensiese maatskaplike werk ’n nuwe spesialisveld in die maatskaplikewerk-professie is. Op hierdie stadium is die Noordwes-Universiteit in onderhandelinge met die Suid-Afrikaanse Raad vir Maatskaplike Diensberoepe om forensiese maatskaplike werk as spesialisveld te laat registreer. Dit sal forensiese maatskaplike werk ’n meer prominente posisie binne die veld van maatskaplike dienslewering gee. Op hierdie wyse kan eenvormigheid bereik word rakende die aanmelding en dienslewering van forensiese maatskaplike werkers in Suid-Afrika.

Hierdie projek is uitgevoer binne die groter navorsingsprojek: Maatskaplike Werk in Forensiese Praktyk onder leiding van C. Wessels en is befonds deur die navorsingseenheid AUTHeR en die NRF.

## BIBLIOGRAFIE

ALAGGIA, R. 2004. Many ways of telling: expanding conceptualizations of child sexual abuse disclosure. **Child Abuse & Neglect**, 28(11):1213-1227.

ANON. 2002. **Can social marketing be used to prevent child sexual abuse: involving public, private and community partners to evaluate effectiveness?** 130th Annual Meeting of APHA held at Philadelphia, Pa. on 11 Nov. 2002. [Online] Available: http://apha.confex.com/apha/130am/techprogram/paper_42705.htm [Accessed: 22/04/2008].

ANON. 2008. Forensiese maatskaplike werk: misbruik van kinders. “**Kind as kliënt**.” ’n Teoretiese oorsig. Potchefstroom: Noordwes-Universiteit (Potchefstroomkampus). (Seminaar 2. Leesgids 10-13 Maart 2008. MWKF 876.)

BABBIE, E. 2001. **The practice of social research**. London: Wadsworth.

BARKER, R.L. & BRANSON, D.M. 1993. **Forensic social work: legal aspects of professional practice**. New York: The Haworth Press.

BOLEN, R.M. 2001. **Child sexual abuse: its scope and our failure**. New York: Kluwer Academic/Plenum Publishers.

BUKAU, S.C. 2003. **Kinders as slagoffers van seksuele misdade**. Pretoria: Universiteit van Suid-Afrika. (LLD-Proefskrif)

COLLINGS, S.J. 2006. How do sexually abused children disclose? Towards an evidence-based approach to practice. **Acta Criminologica**, 19(1):33-41.

FINKELHOR, D., WOLAK, J. & BERLINER, L. 2001. Police reporting and professional help seeking for child crime victims: a review. **Child Maltreatment**, 6(1):17-30.

FORRESTER, A.M. 2002. **The telling of the telling: a narrative exploration of adolescent girls’ process of disclosure of sexual abuse**. United States. ProQuest Information and Learning Company. (DPhil Thesis)

FOUCHÉ, C.B. & DE VOS, A.S. 2005. Problem formulation. **In:** DE VOS, A.S., STRYDOM, H., FOUCHÉ, C.B. & DELPORT, C.S.L. (eds) **Research at grass roots: for the social sciences and human service professions**. Pretoria: Van Schaik Uitgewers: 100-110.

HOEFNAGELS, C. & MUDDE, A. 2000. Mass media and disclosures of child abuse in the perspective of secondary prevention, putting ideas into practice. **Child Abuse & Neglect**, 24(8):1091-1101.

http://socialwork.journals.ac.za/
http://dx.doi.org/10.15270/47-2-134


JENSEN, T.K., GULBRANDSEN, W., MOSSIGE, S., REICHELT, S. & TJERSLAND, O.A. 2005. Reporting possible sexual abuse: a qualitative study on children's perspectives and the context for disclosure. **Child Abuse & Neglect**, 29(12):1395-1413.

MEEL, B.L. 2008. Trends of rape in the Mthatha area, Eastern Cape, South Africa. **South African Farm Practice**, 50(1):69a.

MENDOZA, T.M.R. 1989. **Factors facilitating the disclosure of sexual abuse by children and adolescents**. Arizona: Arizona State University. (Thesis - Department of Communication)

MITCHELL, M. & JOLLEY, J. 2001. **Research design explained**. New York: Harcourt College Publishers.

RUBIN, A. & BABBIE, E.R. 2005. **Research methods for social work**. London: Thomson Brooks/Cole.

SALZWEDEL, I. 2006. So loop die kinders deur. **Beeld**, 22 November, 29.

SMIT, A.H. 2007a. **Adolescents' experiences of parental reactions to the disclosure of child sexual abuse**. Pretoria: Universiteit van Pretoria. (MA(MW-Verhandeling)

SMIT, S. 2007b. **Die forensiese maatskaplike werker as getuie in die hof**. Potchefstroom: Noordwes-Universiteit (Potchefstroomkampus). (MA(MW)-skripsie (Forensies))

STALLER, K.M. & NELSON-GARDELL, D. 2005. "A burden in your heart": lessons of disclosure from female preadolescent and adolescent survivors of sexual abuse. **Child Abuse & Neglect**, 29(12):1415-1432.

STATSOFT INC. 2007. **STATISTICA** (data analysis software system), version 8.0. [Web] Beskikbaar: www.stasoft.com.

STRYDOM, H. 2005a. Sampling and sampling methods. **In:** DE VOS, A.S., STRYDOM, H., FOUCHÉ, C.B. & DELPORT, C.S.L. (eds) **Research at grass roots: for the social sciences and human service professions**. Pretoria: Van Schaik Uitgewers: 192-204.

STRYDOM, H. 2005b. Ethical aspects of research in the social sciences and human service professions. **In:** DE VOS, A.S., STRYDOM, H., FOUCHÉ, C.B. & DELPORT, C.S.L. (eds) **Research at grass roots: for the social sciences and human service professions**. Pretoria: Van Schaik Uitgewers: 56-70.)

VERSTER, B. 2005. **Assessering van die kind in die statutêre proses: 'n gestaltbenadering**. Pretoria: Universiteit van Suid-Afrika. (MDiac-verhandeling (Spelterapie))

WEYERS, M.L. 2008. **The theory and practice of community work: a South African perspective**. Potchefstroom: Keurkopie.

*Me Marthie van der Schyff, Kantoorhoof en maatskaplike werker te Child Welfare, SA, Welkom; Dr Corinne Strydom, Skool vir Psigo-Sosiale Gedragswetenskappe, Potchefstroomkampus van die Noordwes-Universiteit, Potchefstroom, Suid-Afrika.*